

Personeelkamer Opening

63. Hy heers!

Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg

Vanoggend het ons op die Seepunt-promenade gaan draf. Die see was rof. Elke nou en dan moes ons koes vir nog 'n bruisende brander wat met mening teen die strandmuur onder ons vasslaan voordat sproei effense verligting op hierdie snikhete warm dag in Kaapstad bring.

Êrens op ons roete het 'n drawwer my aandag getrek. Die jong vrou het meteens gaan stilstaan, na die bruisende branders voor haar gekyk en toe, met geslote oë en uitgestrekte arms, haar Maker geprys. Die oomblik was onverwags. Geëts in my geheue. 'n Totale kontras met die ander malende aktiewe mense om haar.

Terwyl die vrou met hande in die lug staan, was 'n groot bruisende brander voor haar op pad na die strandmuur onder haar. Haar optrede het my laat wonder wat in haar lewe aangaan. Gaan sy dalk deur 'n moeilike tyd? Was hierdie 'n bewys aan God dat sy Hom volkome met haar storm vertrou?

In Psalm 98:8-10,12 skryf die Psalmdigter: "Hy is God, vir Hom het die hemelse vergadering 'n heilige ontsag. Hy is magtig, gevrees onder almal rondom Hom. Here, almagtige God, wie is soos U? U krag is groot, Here, u trou is oral! U heers oor die onstuimige see: as sy golwe opstaan, laat U hulle bedaar. Aan U behoort die hemel, aan U behoort ook die aarde, die wêreld en alles daarin. U het alles gemaak."

God maak stééds storms in ons lewens stil. Ons het nodig om oor te gee en Hom te prys - dié Een aan wie die hemel en aarde behoort, wat nooit sluimer en slaap nie.

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop <https://www.facebook.com/storiesvanhoop>, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.